Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

DESEMBER 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

MAG ALMAL HIERDIE FEESTYD WARE VREDE EN VREUGDE GENIET

Boodskap van die Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee

Rdh Dudley Coetzee

Die feesseisoen is om die draai, en my grootste wens is dat almal wat besluit het om hul welverdiende vakansie in die Overstrand deur te bring, 'n geseënde tydjie sal geniet in die geselskap van diegene wat hulle na aan die hart lê.

Al te dikwels, wanneer een jaar ten einde loop en 'n ander net om die draai wag, is baie van ons geneig om na te dink oor ons prestasies oor die afgelope twaalf maande. Eweneens, om een of ander rede, het ons ook 'n geneigdheid om te tob oor daardie lastige goedjies waarby ons eenvoudig nie kon uitkom nie.

Gegewe dat die tyd vir welwillendheid aangebreek het en aangesien ons bietjie kwaliteittyd saam met familie en vriende kan deurbring, is die tyd dalk nou ryp om weer die bande op te neem met diegene wat ons onlangs ongelukkig moes afskeep.

Hier doen ek 'n beroep op 'n ieder en 'n elk om tog aan die bejaardes, die eensames en die ontneemdes te dink. Seer sekerlik wanneer ons by 'n tafel aansit wat kreun onder al die disse wat 'n leërtjie kan voer, kan daar nog 'n plekkie vir een of twee ingeruim word? Dan is daar diegene wat, tensy iemand goedhartig 'n hand van welwillendheid uitreik, maar net nog 'n troostelose dag in die gesig staar waar honger hoogty vier.

Dit is nie te laat om goedhartig en sorgsaam teenoor ander te wees nie. Die rendement op 'n belegging in die welstand van jou medemens is veel hoër as wat jy jou ooit sou kon indink.

Op die onderwerp van beleggings in welstand, aangesien dit Munisipaliteit Overstrand se opregte bede is dat almal 'n prettige tydjie sal geniet onderwyl hulle hier langs ons kus ontspan, is julle veiligheid vir ons van die allergrootste belang.

Met hierdie doel voor oë het ons moeite gedoen om te verseker dat diegene wat op ons strande wil uitspan, die voorsiene geriewe skoon en netjies sal aantref.

Ons het ook bykomende vrywillige wetstoepassers aangestel om te help verseker dat orde by openbare plekke gehandhaaf word.

Neem asseblief kennis dat die afvuur van vuurwerke - met inbegrip van klappers, fakkels en Sjinese lanterns - verbode is in die Overstrand.

Ek moet ook 'n beroep doen op besoekers en inwoners om water spaarsaam te gebruik. Weens die lae watervlak van die De Bos-dam, moes die Raad vlak 3-waterbeperkings in die Groter Hermanusarea instel.

Vergun my dan ook die geleentheid om my opregte dank uit te spreek teenoor ons inwoners wat nie net hulle bes doen om ons waterbronne te bewaar nie maar ook die unieke fauna en flora wat hierdie deel van die Wes-Kaapse kus so anders maak.

Baie dankie ook aan my mederaadslede en Overstrand se personeel wat, ondanks verskeie uitdagings, Overstrand se motto: **Ons behoort. Ons gee om. Ons dien,** uitbeeld.

In die gees van die seisoen wens ek 'n ieder en 'n elk 'n Geseënde Kersfees en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwe Jaar toe. Aan ons talryke besoekers, mag julle verblyf in Overstrand vir al die regte redes 'n onvergeetlike kuiertjie wees.

Hartlike groete Dudley Coetzee

"ONS KAN 'N VERSKIL MAAK, EN ONS GAAN."

Só het nuutverkose junior burgemeester Akisha Johannes plegtig onderneem toe sy en vier-en-dertig van haar portuurgroep tydens 'n spesiale geleentheid op 31 Oktober 2019 as Overstrand se Junior Raad in die Hermanusouditorium ingehuldig is.

Hierdie voorneme het heel van pas aansluiting gevind by Burgemeester Dudley Coetzee se boodskap aan die intredende junior raad.

"Onteenseglik word ons vertroude wêreld bedreig weens die gevare wat aardverwarming inhou en die feit dat dit mense klaarblyklik min skeel dat hulle tot klimaatsverandering bydra," het hy gesê. "Gevolglik voel veral die jeug daartoe genoop om te wys presies hoe ongeneë hulle is met wêreldleiers se oënskynlike onvermoë om werk te maak van die dwingende behoefte om die heelal te beskerm en 'n veilige omgewing vir toekomstige geslagte te skep.

"Die hartseersaak is egter dat in plaas daarvan om aktief deel te neem aan die demokratiese prosesse wat daartoe sal lei dat baanbrekerleiers van hulle keuse aangewys word, jong stemgeregtiges oënskynlik verkies om 'n traak-my-nieagtige houding in te neem.

"Só 'n houding is onsinnig, om die minste te sê: Mens kan nie aan die een kant kla en dan aan die ander kant weier om deel te hê aan die oplossing nie.

"Namate julle meer te wete kom van plaaslike regerings se werksaamhede, sorg asseblief dat julle daardie kennis met julle eweknieë deel en dat julle alles in julle vermoë doen om hulle te oortuig om ook deel te hê aan die demokratiese prosesse wat hierdie fantastiese land ten grondslag lê."

Akisha se antwoord op hierdie oproep was dat sy, met die ondersteuning van haar twee adjunkte - Herschell Burns en Sisipho Lifaba - en die ander lede van die junior raad vas van voorneme is om 'n verskil te maak. "Kom ons werk saam. Kom ons bewerkstellig verandering," was haar inspirerende woorde.

Rdl. Grant Cohen wat ten tyde van die inhuldiging verrigtinge behartig het, het die juniors gemaan om daarop bedag te wees dat hulle ampstermyn binne 'n oogwink gaan verstryk. "Aangesien daar so baie is wat in so 'n kort tydjie gedoen moet word, moenie 'n enkele dag verkwansel nie en sorg dat julle elke geleentheid om te groei met albei hande aangryp. Sodoende kan ons met julle insette en bydraes, Overstrand tot selfs groter hoogtes voer."

Om sy boodskap tuis te bring, het rdl. Cohen die volgende reëls van die Britse sangeres-liedjieskrywer Emile Sandé aangehaal: *Time is easy spent, but it can't be bought. So stop acting as if tomorrow's promised. Never let the tide of change wash away the dream you've dreamt. Don't get left wondering where the summer went.*

Burgemeester Coetzee het ook van dié geleentheid gebruikgemaak om uittredende 2018/19 junior burgemeester Claudia Weich en haar span te bedank vir hul toewyding die afgelope jaar en het in die besonder sy dank betuig teenoor die ouers, mentors en skoolhoofde vir hulle insette en bydraes wat grotendeels tot die sukses van die program bygedra het.

Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, intredende junior burgemeester Akisha Johannes en Overstrand se nuutverkose 2019/2020 Junior Raad

SLUITING VAN MUNISIPALE KANTORE 2019/2020

Let asseblief daarop dat alle munisipale kantore in die Overstrandgebied, met die insluiting van biblioteke, vir die algemene publiek gesluit sal wees vanaf:

- 13:00 op Dinsdag, 24 Desember 2019 om weer op Maandag, 30 Desember 2019 om 07:45 te heropen
- 13:00 op Dinsdag, 31 Desember 2019 om weer op Vrydag, 3 Januarie 2020 om 07:45 te heropen

Wees egter gerus dat noodsaaklike dienste sonder enige onderbreking deurentyd gelewer sal word. Onthou ook dat munisipale rekeninge te eniger tyd via elektroniese oorplasings of met behulp van die Pay@- en Easy Pay-stelsel by verskeie kleinhand-elafsetpunte of die SA Poskantoor vereffen kan word. In geval 'n infrastruktuurverwante noodgeval sou opduik, kontak Overstrand se 24-uur-beheerkamer by 028 313 8111.

Ken jou Raad 2019/20

Municipality • U-Masipala • Munisipaliteit
OVERSTRAND

Uitvoerende Burgemeester en sy Komitee

Ingevolge die derde gewysigde stigtingskennisgewing gedateer 28 Mei 2003, word die Munisipaliteit Overstrand bedryf deur 'n uitvoerende burgemeestersstelsel tesame met 'n wyksdeelnemende stelsel.

Ten tyde van sy inhuldigingsvergadering verkies die Raad 'n uitvoerende burgemeester en 'n uitvoerende onderburgemeester. Wetgewing laat Overstrand se uitvoerende burgemeester toe om 'n burgemeesterskomitee bestaande uit vyf lede aan te stel, waarvan een in die reël die uitvoerende onderburgemeester is. Elk van die lede staan aan die hoof van 'n portefeuljekomitee waarop lede van alle politieke partye in die Raad verteenwoordiging geniet. In Overstrand stem hierdie komitees ooreen met die administratiewe direktorate, naamlik infrastruktuur en beplanning, finansies, ekonomiese ontwikkeling en toerisme, gemeenskapsdienste, beskermingsdienste en bestuursdienste.

Die uitvoerende burgemeester, lede van die burgemeesterskomitee en die speaker is voltydse raadslede.

Uitvoerende Burgemeester: Rdh Dudley Coetzee

Ten tyde van sy inhuldigingsvergadering het die Raad besluit dat alle magte wat nie volgens wet vir die raad voorbehou is nie, en met die uitsondering van daardie magte wat by amptenare berus, aan die uitvoerende burgemeester gedelegeer moet word wie in die reël verslae van die raad se komitees ontvang en daardie verslae ten tyde van burgemeesterskomiteevergaderings, wat vir die publiek toeganklik is, oorweeg. Hy vervul ook 'n leidende rol in die opstelling en implementering van die geintegreerde ontwikkelingsplan, die munisipale begroting, die dienslewering- en begrotingimplementeringsplan, prestasiebestuur, die gemeenskap se deelname aan raadsaangeleenthede en korporatiewe kommunikasiedienste en verrig seremoniële pligte. Hy rapporteer aan die Raad.

Uitvoerende Onderburgemeester en Burgemeesterskomiteelid vir Infrastruktuur en Beplanning: Rdl Elnora Gillion

Benewens haar pligte as onderburgemeester is sy ook verantwoordelik vir infrastruktuur, beplanning en elektriese dienste, met inbegrip van:

- Water- en vervoerdienste;
- Omgewingsdienste;
- Elektrotegniese dienste;
- Projekbestuur en -dienste; ontwikkelingsbeheer;
- Vaste afval bestuur;
- Stadsbeplanning en Eiendomsadministrasie;
- Geografiese inligtingstelsels;
- Boubeheer

Beskermingsdienste: Rdl Arnie Africa

Hierdie lid is verantwoordelik vir beskermingsdienste met inbegrip van:

- Brand- en rampbestuur;
- Verkeersdienste en voertuiglisensies;
- Wetstoepassing en sekuriteit

Burgemeesterskomiteelid vir Plaaslike Ekonomiese en Sosiale Ontwikkeling en Toerisme: Rdl Kari Brice

Hierdie lid is verantwoordelik vir plaaslike ekonomiese en sosiale ontwikkeling asook toerisme en verantwoordelik vir die bemarking van die area bekend as Whale Coast

Burgemeesterskomiteelid vir Finansies: Rdl Riana de Coning

Hierdie lid is verantwoordelik vir finansies met inbegrip van:

- Inkomste
- Uitgawes en Batebestuur;
- Voorsieningskanaalbestuur;
- Finansiële Dienste;
- Stelseladministrasie en Databeheer

Burgemeesterskomiteelid vir Gemeenskapsdienste: Rdl Grant Cohen

Hierdie lid is verantwoordelik vir:

- Areabestuur en operasionele dienste;
- Behuisingsadministrasie;
- Korporatiewe projekte;
- Sport en Kultuur

Burgemeesterskomiteelid vir Bestuursdienste: Rdl Andrew Komani

Hierdie lid is verantwoordelik vir:

- Menslike hulpbronne;
- Inligtingstegnologie;
- Korporatiewe kommunikasiedienste;
- Raadsondersteuningsdienste;
- Strategiese dienste;
- Regsdienste;
- Rekords en argiewe

Wyk 1
Rdl Xolani Msweli (ANC)

Wyk 2
Rdl Riana de Coning (DA)

Wyk 3
Rdl Kari Brice (DA)

Wyk 4
Rdh Anton Coetsee (DA)

Wyk 5
Rdl Valerie Pungupungu (ANC)

Wyk 6
Rdh Michelle Sapepa (ANC)

Wyk 7
Rdl David Botha (DA)

Wyk 8
Rdl Elnora Gillion (DA)

Wyk 9
Rdl Grant Cohen (DA)

Wyk 10
Rdl Fanie Krige (DA)

Wyk 11
Rdh Dudley Coetzee (DA)

Wyk 12
Rdl Vuyani Macotha (ANC)

Wyk 13
Rdl Jean Orban (DA)

Proporsioneel
Rdl Andrew Komani (DA)

Proporsioneel
Rdl Arnie Africa (DA)

Proporsioneel
Rdl Ronald Nutt (DA)

Proporsioneel
Rdl Siphiwo Kalolo (ANC)

Proporsioneel
Rdl Christine May (DA)

Proporsioneel
Rdl Benet Molefe (EFF)

Proporsioneel
Rdl Lindile Ntsabo (DA)

Proporsioneel
Rdl Theodorah Nqinata (ANC)

Proporsioneel
Rdl Hannie Morgan (DA)

Proporsioneel - Rdl
Connie Tafu-Nwonkwo (ANC)

Proporsioneel
Rdl Simphiwe Tebele (ANC)

Proporsioneel
Rdl Charmaine Resandt (DA)

Overstrand en sy Wyke



Die munisipale area van Overstrand dek 'n oppervlak van bykans 1 708 vierkante kilometer. Die area het 'n permanente bevolking van 102 024 (2018 projeksie). Die munisipaliteit se hoofkantoor is in Hermanus, maar munisipale dienste word op 'n gedesentraliseerde grondslag gelewer vanuit kantore in Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond. Die area word in drie administrasies verdeel: Hangklip-Kleinmond, Groter Hermanus en Gansbaai/Stanford.

Die area word in dertien wyke afgebaken, elk met 'n regstreeks verkose raadslid. Hierdie raadslede word bygestaan deur 'n wykskomitee met tien lede. Wykskomiteelede word demokraties verkies. Voorsiening word gemaak vir verteenwoordiging deur organisasies, sektore of geografiese blokke (areas) in die wyk. Wykskomitees speel 'n belangrike rol in die opstel en hersiening van die geïntegreerde ontwikkelingsplan en die identifisering van begrot

Overstrand se wyke is as volg:

1. Franskraal en Masakhane;
2. Gansbaai, De Kelders, Kleinbaai en Blompark;
3. Hermanus en 'n gedeelte van Westcliff;
4. Mount Pleasant, Hemel-en-Aarde-vallei en 'n gedeelte van Westcliff;
5. Zwelihle-Suid;
6. Zwelihle-Noord;
7. Sandbaai;
8. Hawston, Fisherhaven en Honingklip;
9. Kleinmond, Mountain View en Palmiet;
10. Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels, Overhills en Proteadorp;
11. Stanford, Baardskeerdersbos, Pearly Beach, Viljoenshof, Withoogte, Buffeljagsbaai;
12. Zwelihle-Noordwes;
13. Onrus en Vermont

Twaalf van die vyf-en-twintig raadslede verteenwoordig politieke partye op 'n proporsionele basis. Dit beteken dat inwoners van Overstrand ook van politieke kanale gebruik kan maak om aangeleenthede onder die Raad se aandag te bring. Drie politieke partye geniet verteenwoordiging, naamlik die Demokratiese Alliansie, die African National Congress en die Economic Freedom Fighters (EFF).

Die Administrasie

Munisipale Bestuurder: Mnr Coenie Groenewald

'n Munisipale Bestuurder word deur die Raad aangestel. Hy is die skakel tussen die raad en die administrasie, waarvan hy die hoof is en dien ook as rekenpligtige beampte wat rekenskap moet gee van die munisipaliteit se inkomste en uitgawes, bates en ander verpligtinge, soos behoorlike nakoming van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur. Wetgewing bepaal dat hy oor die nodige kundigheid en ervaring moet beskik om sy pligte te kan verrig. Onderworpe aan die munisipaliteit se beleidsriglyne sien hy, onder andere, toe dat 'n ekonoamiese, doeltreffende, doelmatige en toerekeningsvatbare administrasie daargestel en ontwikkel word, dat die GOP tot uitvoer gebring word, dat munisipale dienste op 'n volhoubare en gebalanseerde wyse gelewer word, dat 'n werksmag aangestel, bestuur, ontwikkel en gedissiplineer word, en dat gesonde arbeidsverhoudinge gehandhaaf word. Hy moet gemeenskapsdeelname fasiliteer en 'n stelsel ontwikkel aan die hand waarvan die gemeenskap se tevredenheid met munisipale dienste gemeet kan word.

In Overstrand se geval word die Munisipale Bestuurder, Mnr. Groenewald deur die ondergenoemde Direkteure ondersteun in die uitvoering van sy voorvermelde pligte:

- Finansies: mev. Santie Reyneke-Naudé;
- Bestuursdienste: mev. Desireé Arrison;
- Gemeenskapsdienste: mnr. Roderick Williams;
- Beskermingsdienste: mnr. Neville Michaels;
- Infrastruktuur, beplanning en elektrotegniese dienste: mnr. Stephen Müller; en
- Ekonomiese en sosiale ontwikkeling en toerisme: mnr. Solomzi Madikane

WEES INGELIG OOR WATERKWALITEIT

DRINKWATERKWALITEIT: APRIL - SEPTEMBER 2019

BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	STANDAARD AS PER SANS 0241	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN BESKRYWING VAN TOETSDRINKWATERMONSTERS VIR:								
			BR	KM	HM	SF	GB	DK	PB	BB	BJB *
pH	(pH) units	≥ 5 to ≤ 9,7	7,2	7,1	6,7	7,4	7,7	7,6	7,7	9,0	7,6
Elektriese geleidingsvermoë	mS/m	≤ 170	30,1	35,1	45,8	76,6	93,8	55,2	52,5	68,5	171,0
Troebelheid	NTU	≤ 1	0,5	0,2	0,4	0,2	0,6	0,1	0,3	0,6	0,2
Kleur	mg/ℓ as Pt-Co	≤ 15	4,5	4,0	4,2	4,0	4,2	4,3	4,0	5,0	4,0
Yster	µg/ℓ as Fe	≤ 300	51,8	24,0	43,0	-	24,0	-	40,2	67,7	24,0
Mangaan	µg/ℓ as Mn	≤ 100	--	19,5	-	-	-	-	70,4	-	
Aluminium	µg/ℓ as Al	≤ 300	154,5	73,7	93,3	-	145,2	-	24,3	-	-
E.coli	Telling/100mℓ	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

* **BR:** Buffelsrivier | **KM:** Kleinmond | **HM:** Hermanus | **SF:** Stanford | **GB:** Gansbaai | **DK:** De Kelders | **PB:** Pearly Beach | **BB:** Baardeskeerdersbos | **BJB:** Buffeljagsbaai

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van drinkwater publiseer.

Waterkwaliteit word teenoor die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater gemeet.

Op die tabel hiernaas is die resultate vir die tydperk van April 2019 tot September 2019 se waterkwaliteit-metings vir Overstrand se nege water-aanlegte. Watermonsters word maandeliks deur 'n geakkrediteerde laboratoria geneem waar verskillende bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters gemeet word.

Daaruit blyk dit dat ons waterkwaliteit van hoogstaande gehalte is, met 98% van die gemiddelde resultate wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater voldoen.

In gevalle waar die toetsresultate van die finale drinkwater nie voldoen aan SANS 0241 nie, word daar regstellings by die watersuiweringsaanleg en in die water netwerk gedoen. Die finale drinkwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters wel aan SANS 0241 voldoen.

GEHALTE VAN BEHANDELDE RIOOLWATER-UITVLOEISEL

APRIL - SEPTEMBER 2019

BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	DWS ALGEMENE MAGTIGING-STANDAARDE	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN FINALE UITVLOEISELMONSTERS VIR:					Hermanus permit Magtiging standaarde
			GANSBAAI	HAWSTON	STANFORD	KLEINMOND	HERMANUS	
pH	(pH)	5.5-9.5	7,3	8,1	7,4	7,4	7,6	5.5-9.5
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	150	142	157	136	106	193	5000
Fekale koliforme bakterie	(telling/100mℓ)	1000	74	329	62	39	63	1000
Chemiese suurstofvraag	(mg/ℓ)	75 Max	50	51	54	47	46	75 Max
Ammoniakstikstof	(mg/ℓ as N)	6 Max	2	1	4	5	2	7 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)	15 Max	6,1	0,9	4,5	5,0	3,2	17 Max
Nitrietstikstof	(mg/ℓ as N)		0,2	0,2	0,2	0,6	0,2	
Totale swewende vaste stowwe	(mg/ℓ)	25 Max	8	30	15,0	13	8	25 Max
Orto-fosfaat	(mg/ℓ as P)	10 Max (Van toepassing op alle WWTW's behalwe Hermanus)	1	3	2	2	2	10 Max

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van die uitvloeisel van hul rioolsuiweringswerke publiseer.

Die gehalte van die finale rioolwerke-uitvloeisel word gemeet teen standaarde wat deur DWS gestel word, welke standaarde as òf Algemene Standaarde òf Spesiale Standaarde geklassifiseer word.

Die tabel hierbo illustreer die gemiddelde metings by Munisipaliteit Overstrand se vyf suiweringsaanlegte teenoor parameters wat vir die gehalte van uitvloeisel gestel word oor die afgelope ses maande, vergeleke met die DWS se Standaarde. Monsters word op 'n maandelikse basis vir ontleding deur geakkrediteerde laboratoria geneem.

In Munisipaliteit Overstrand voldoen die gehalte van die finale uitvloeisel van vuilwater in 96% van die gevalle.

In gevalle waar die toets resultate van die finale uitvloeiselmonster nie voldoen aan die standaard nie, word daar regstellings by die werke gedoen. Die afloopwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters aan die standaard voldoen.

SOOISPITSEREMONIE 'N GEPASTE VERJAARDAGGESKENK VIR OVERSTRAND SE BRANDWEERDIENSTE

Munisipaliteit gaan R2,48 miljoen in oprigting van toegewyde voertuigloods belê

Tien jaar sedert professionele brandweerdienste in die Overstrand op die been gebring is, gaan die brandweer 'n splinternuwe brandweerstasie, nogal met sy eie voertuigloods, kry. Tot op hede word brandweerwaens op die aangrensende perseel van die verkeersdepartement gehuisves, wat beteken dat brandspanne na die loods langsaan moet hardloop, wat hulle reaksietyd verkort. As 'n eerste stap om die bestaande brandweerstasie op te knap, het bouwerk aan 'n toegewyde voertuigloods op 29 Oktober 2019 'n aanvang geneem en, as alles volgens plan verloop, sal hierdie loods teen Junie 2020 betrek kan word. Verdere opknappings aan die bestaande gebou van die brandweerafdeling wat grens aan die loods in Mosselstraat sal in fases afgehandel word. "Die nuwe brandweerstasie sal brandweerwaens, kantore en oornagakkommodasie (leefkwartiere) vir brandweermanne huisves," het assistent-brandweerhoof vir operasies en opleiding, Angelo Aplon, verduidelik. Die brandweerstasie sal 24-7 oop wees en sal, danksy rugsteunkragopwekkers, in 'n noodgeval onafhanklik kan funksioneer. Op die lange duur word daar voorsien dat die brandweerstasie ook 'n ultramoderne bevelsentrum sal huisves waarvandaan reaksie op groot insidente of rampe gekoördineer en beheer kan word. Die winderige toestande wat ten tyde van die sooispitseremonie geheers het, het die vele gevaarlike elemente waarmee Overstrand se brandbestryders op enige gegewe dag te kampe het, heel gepas onderstreep. In sy roerende toespraak ten tyde van die geleentheid het brandweerhoof Lester Smith die Burgemeester Dudley Coetzee, munisipale bestuurder Coenie Groenewald en direkteur Neville Michaels vir hul leiding en ondersteuning bedank en bygevoeg dat "die nuwe brandweerstasie in alle waarskynlikheid in die toekoms 'n baken van hoop sal word aangesien dit nood-, brandweer- en reddingsdienste soveel nader aan ons gemeenskappe bring". Hierdie mening is deur Burgemeester Dudley Coetzee bekragtig wat daarop gewys het dat reaksietye van kritieke belang is in reddingsituasies aangesien brande blitsig buite beheer kan raak, soos ons aan die begin van die jaar tragies moes ervaar. "Met hierdie doel voor oë, sal die nuwe brandweerstasie grootliks help om reaksietye te verkort - wat daarop neerkom dat ons brandbestryders nou vinniger op die toneel sal arriveer om lewens te red en eiendomme te beskerm," het hy ter afsluiting gesê.

ROKERS, JULLE STOMPIES HOORT IN DIE ASBLIK!

Angelo Aplon, assistent-brandweerhoof: operasies en opleiding, is vol vertroue dat Overstrand se brandweer-afdeling, danksy voltydse brandweeroffisiere in alle areas en 'n groot kontingent vrywillige brandbestryders, gerat is om die brandseisoen die hoof te bied.

Saam met die somer breek die brandseisoen in die Wes-Kaap aan.

Gegewe die kenmerkende hoë temperature en sterk winde, doen Overstrand 'n beroep op alle inwoners en besoekers om nie weens nalatigheid weghol veldbrande te veroorsaak nie - en hier wil ons veral rokers aanspreek.

Wanneer julle van jul stompies ontslae raak, doen dit asseblief op 'n verantwoordelike wyse. Maak gebruik van draagbare stompiehouers wat geredelik te koop aangebied word, of gebruik bloot 'n leë bottel of blikkie gevul met 'n bietjie water om van jou stompies ontslae te raak.

Moet asseblief onder geen omstandighede jou stompie by die motor se venster of in die veld uitskiet nie.

Hou ook in gedagte dat daardie stompies oral in die wêreld as een van die hoofoorsake van besoedeling beskou word. Hulle hoort in die asblik, nie in 'n afvoersloot, stroompie en beslis nie in die see nie.

As jy nie anders kan as om te rook nie, doen dit dan asseblief verantwoordelik deur respek teenoor jou medemens en die natuur te betoon.

NOODNOMMERS

AS 'N HANDIGE VERWYSINGSBRON, HOU ASSEBLIEF HIERDIE NOMMERS BYDERHAND:

- **Vir noodoproepe verwant aan brande of ongelukke, bel Overstrand-brandweer-en-redding:**
- ✆ **028 312 2400**
- **Vir noodgevalle verwant aan munisipale infrastruktuur, bel Overstrand se 24-uur-beheerkamer:**
- ✆ **028 313 8111**
- **Vir algemene navrae, bel Overstrand se hoofkantoor:**
- ✆ **028 313 8000**
- **Vir kwessies verwant aan wetstoepassing, bel:**
- ✆ **028 313 8996**
- **Om enige verdagte aktiwiteite te rapporteer, bel jou naaste polisiekantoor:**
- ✆ **Gansbaai: 028 384 0201**
- ✆ **Hermanus: 028 313 5300**
- ✆ **Kleinmond: 028 271 8200**
- ✆ **Stanford: 028 341 0601**

CASTLE BEACH SPOG EERSDAAGS MET OVERSTRAND SE VIERDE BLOU VLAG

Wanneer die 2019/20-vakansieseisoen amptelik op 1 Desember open, gaan Overstrand nie drie nie maar vier Blou Vlae ontplooi.

Ten tyde van die amptelike aankondigings teen die einde van Oktober by die V&A-waterfront in Kaapstad, is Blou Vlae nie net weer eens aan Grotto, Hawston en Kleinmond toegeken nie, maar is daar ook aangekondig dat Castle Beach in Pearly Beach sy eie Blou Vlag verdien het.

Boonop is Onrus as 'n toetsprojek geoormerk, wat beteken dat Overstrand dalk 'n vyfde Blou Vlag tot sy portefeulje kan byvoeg wanneer die 2020/21-vakansieseisoen aanbreek.

Volle blouvlagstatus word toegeken aan strande wat aan minimumvereistes ten opsigte van veiligheid, geriewe, netheid en omgewingstandaarde voldoen. Hierteenoor word strande wat hulle beywer om aan daardie vereistes te voldoen, as toetsprojekte geoormerk.

Elders in Overstrand het die bote wat deur Marine Dynamics en Great White Shark Tours vir onderwater-haaibesigtiging bedryf word en Dyer Island Cruises se twee walvisbesigtigingsbote ook bouvlagstatus verdien.

In Suid-Afrika word Blou Vlae seisoenaal deur WESSA (die vereniging wat hulle vir die bewaring van die natuur en die omgewing in Suid-Afrika beywer) in samewerking met deelnemende munisipale owerhede toegeken. Munisipaliteite moet jaarliks aansoek doen om die status van hul strande te hernieu.

Altesaam is Blou Vlae aan 45 Suid-Afrikaanse strande, nege marinas en tien volhoubare toerismebote toegeken, waarvan 33 instansies in die Wes-Kaap is.

FAKKELS, VUURWERKE EN SJINESE LANTERNS VERBODE

Alle vuurwerke, met inbegrip van handel daarin, is verbode in die Overstrandgebied. Inwoners en vakansiegangers se aandag word opnuut daarop gevestig dat geen vuurwerke, met inbegrip van klappers, op enige plek in die Overstrand munisipale gebied afgevuur mag word nie - ongeag of dit 'n strand, 'n openbare plek of 'n private eiendom is.

Enige oortreding van die munisipaliteit se verordenings in hierdie verband is 'n kriminele oortreding en diegene wat hulle daaraan skuldig maak, sal genadeloos vervolg word en kan swaar boetes en langdurige tronkstraf te wagte wees.

Let ook daarop dat slegs vaartuie ter see wat hulle in nood bevind fakkels mag afstuur. Om 'n fakkel op land af te stuur, is streng verbode.

Inwoners en besoekers se aandag word ook daarop gevestig dat dieselfde verordenings die gebruik van sogenaamde Sjinese lanterns verbied aangesien die onvoorspelbare gedrag van hierdie lanterns 'n ernstige bedreiging vir die omliggende fynbos en infrastruktuur inhou.

"Weens die voortslepende droogte, is ons gebied baie droog en is die risiko dat veldbrande veroorsaak kan word baie hoog," waarsku Overstrand se brandweerhoof Lester Smith. Hy doen 'n beroep op 'n ieder en 'n elk om in hierdie verband met wetstoepassers saam te werk sodat almal 'n veilige en vreugdevolle feestyd kan geniet. In 'n noodgeval, bel Overstrand Brandweer en Redding by 028 312 2400.

TRISTAN BRING MEES GESOGTE TROFEE VIR LYFPLANKRY HUIS TOE

En waar is sy huis? "Onrus, natuurlik," sê die 22-jarige Tristan Roberts wat onlangs as wêreldkampioen gekroon is nadat hy die APB se 2019-wêreld-toernooi voltooi het.

Elke jaar bied die Vereniging vir Professionele Lyfplankryers (APB) 'n wêreldtoernooi aan waar die wêreld se beste lyfplankryers die branders (en mekaar) die stryd aansê op plekke wat wissel van Hawaii tot Chili, Australië tot Marokko, Portugal tot die Kanariese Eilande - en sommer nog 'n paar strande tussenin.

Ondanks die feit dat hy, so te sê, alle denkbare oseane aangedurf het, is Tristan steeds van mening dat Onrus die beste plek vir lyfplankryk is en verwag dat sy mededingers eersdaags gaan opdaag om eerstehands te ervaar waarom toestande langs die Wes-Kaapse kus juis so aanloklik is.

Wat Tristan se sege selfs meer indrukwekkend maak, is die feit dat hy die eerste mededinger is om nie net as wenner in die junior kategorie nie maar ook in die senior kategorie aangewys te word. Ja, Tristan is inderwaarheid ook in 2014 met die junior wêreldtitel bekroon.

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee het Tristan op eie bodem verwelkom en het, tong in die kies, opgemerk dat hy darem nou ook 'n wêreldkampioen se hand kon skud.

"Alle grappies op 'n stokkie," het die Burgemeester bygevoeg, "Tristan, jou prestasies sal die nasie en, in die besonder, die Overstrand-gemeenskap inspireer om uit te blink. Ja, ons moet ons helde vereer, maar ons moet nooit vergeet watter geweldige deursettingsvermoë dit geverg het om jou einddoel te bereik nie. Daardeur stel jy 'n voorbeeld vir die jeug wat in jou voetspore gaan volg, en daarvoor sal ons jou onthou en sê ek dankie."

Dr. Thommie Burger, hoof-uitvoerende beampte van Wessa, en Sarah Ferguson van Breathe Conservation oorhandig die Blou Vlae wat eersdaags by vier van Overstrand se strande ontplooi gaan word aan Lauren Rainbird, Overstrand se blouvlagkoördineerder, en rdl. Grant Cohen, burgemeester-skomiteelid vir gemeenskapsdienste